Sien jy kans...

UITNODIGING!

Elke jaar klim duisende feesgangers Majubaberg uit om die Slag van Majuba te herdenk, en jy kan ook.

Dié veldslag het gedurende die Eerste Vryheidsoorlog op 27 Februarie 1881 plaasgevind.

Die Engelse genl. GPC Colley het met 728 man die kruin van Majuba stilletjies die vorige nag beset met die doel om die Boere uiteindelik te verslaan en die pad na Pretoria oop te maak vir die Engelse magte in aantog vanaf Durban.

Toe genl. Piet Joubert besef dat die Engelse die berg deur die nag beset het, gee hy vir sy twee generaals Frans Joubert en Nicolaas Smit die bevel: “Die Engelse is daar bo en julle gaan hulle daar afhaal... dadelik!”

Die res is geskiedenis...